

## Spesiale pligte van die staatsaanklaer

Staatsaanklaers het 'n spesiale plig in verkrachtingsake om inligting te verskaf aan die verkrachting slagoffer wat kan help om die trauma van die hofverhoor te verminder. Spesiale reëlings kan getref word vir n slagoffer van verkrachting. Byvoorbeeld, die hofverhoor hoef nie in n hofsaal gehou te word nie, jy kan jou informasie gee agter n geslote skerm en jy mag iemand by jou hê om jou te ondersteun gedurende die verhoor.

Jy gaan hier sit wanneer die hofverrigtinge more begin. Ek sal jou die geleentheid gee om die verklaring wat jy vir die polisie gegee het na te gaan. Dan sal ek jou 'n paar vrae vra oor wat daardie dag gebeur het.



## Borgverhoor

- Die slagoffer van verkrachting moet in kennis gestel word as die persoon wat verantwoordelik is vir die verkrachting, aansoek doen vir borg. Die slagoffer van die verkrachting moet die polisie vertel as hy of sy bedreig voel as die persoon vrygelaat sou word. Hierdie inligting sal in ag geneem word en die persoon mag dalk nie op borg vrygelaat word nie.
- Alhoewel die persoon wat die verkrachting gepleeg het, borg toegestaan word, is hulle nie veronderstel om enige kontak te hê met die slagoffer van verkrachting nie. Indien hulle wel in kontak sou kom, kan hulle gearresteer word en gevange gehou word tot en met die hofverhoor.

## Privaatheid

Die hof sal gesluit wees vir die publiek gedurende die hele hofverhoor, behalwe as die persoon wat verkrag is, versoek om 'n ope hof te hê.

Miskien het sy voorheen "ja" vir hom gese en miskien het sy "ja" gese vir ander mans, maar hoe is dit relevant as hy 'n mes teen haar keel gehou het daardie aand.



## Karakter

Die hof gaan nie na getuienis luister omtrent die karakter of "seksuele reputasie" van 'n persoon wat verkrag is nie. Die nuwe wet plaas ook baie streng maatreëls aangaande vrae wat dalk gevra kan word oor die seksuele geskiedenis van die persoon wat verkrag is.

## Tronkstraf vir verkrachting

- As 'n persoon vir die eerste keer aan 'n oortredeing van verkrachting skuldig bevind word, kan hulle tronk toe gestuur word vir 5, 10 of 15 jaar.
- As die persoon weer iemand verkrag kan hulle tronk toe gestuur word vir 10, 20 of 45 jaar.
- As die persoon wat die verkrachting pleeg onder 18 jaar is, sal die regter besluit vir hoe lank hulle tronk toe moet gaan. Daar is geen standaard straf vir mense onder die ouderdom van 18 nie.

Vir meer inligting raadpleeg gerus die Legal Assistance Centre se *Gids oor Die Wet op die Bekamping van Verkrachting*.



Hierdie pamflet is voorberei deur **Dianne Hubbard, Rachel Coomer en Kate Barth**.

Vertaling uit Engels na Afrikaans: **Sophie van Wyk**

Ontwerp en uiteengesit is deur **Perri Caplan** en die illustrasies is gedoen deur **Nicky Marais**

Gefinansier deur die **Embassy of the French Republic**

LEGAL ASSISTANCE CENTRE  
P.O. Box 604, Windhoek, Namibia • Tel. 061-223356



# SAK BOEKIE DIE WET OP DIE BEKAMPING VAN VERKRAGTING



Gender Research and Advocacy Project  
LEGAL ASSISTANCE CENTRE  
Windhoek, Namibia, 2008



## Wat is verkrachting?

Verkrachting is die "doelbewuste uitvoering van 'n seksuele daad onder omstandighede van dwang." Beide 'n man en 'n vrou kan verkrag word.

'n "seksuele daad" kom voor:

- wanneer die penis in die vagina of anus van 'n ander persoon binnegedring word, al vind dit slegs gedeeltelik plaas
- wanneer die penis in die mond of anus van 'n ander persoon geplaas word
- wanneer enige gedeelte van die liggaam in die vagina of anus geplaas word
- wanneer enige ander voorwerp in die vagina of anus geplaas word
- wanneer daar gebruik gemaak word van cunnilingus, wat die stimulering is van die vroulike geslagsorgane met die mond
- enige ander vorm van geslagsorgaan stimulering.

“Omstandighede van dwang” is wanneer ’n persoon gedwing of gedreig word byvoorbeeld:

- fisiese geweld of dreigemente
- dreigemente om enige ander skade aan ’n persoon te verig
- wanneer ’n persoon nie in die posisie is om van ’n spesifieke situasie te kan vlug nie
- in die geval waar dit nie moontlik is om ’n sekere situasie te verhoed nie, soos byvoorbeeld wanneer ’n persoon dronk is/onder die invloed van verdowingsmiddels verkeer /slaap of gestremd is
- wanneer die beskuldigde voorgee om ’n ander persoon te wees of voorgee dat wat gebeur, nie ’n seksuele daad is nie
- wanneer meer as een persoon gebruik word om die persoon te intimideer om seksueel te verkeer
- wanneer die een persoon 14 jaar oud is en die ander persoon meer as 3 jaar ouer is.

## Ouderdom van toestemming

Volgens wet, is dit vanselfsprekend verkragting as iemand onder die ouderdom van 14 jaar seks het met iemand wat 3 jaar ouer as hy of sy is.

### ’n Voorbeeld van ouderdom van toestemming

As Jane wat 13 jaar oud is, seks met Simon het wat 18 jaar oud is, kan Simon beskuldig word van verkragting alhoewel Jane toegestem het om seks met hom te hê.

## Wat as jy van gedagte verander

Veronderstel albei van julle het van die begin af ooreengekom om ’n seksuele daad te pleeg en een van julle sê nee op een of ander stadium en die ander persoon gaan voort daarmee, word dit dan verkragting. Die antwoord is “ja”, want verkragting is verkragting vir solank ’n persoon nee sê of gedwing word om seks te hê.

## Verkragting binne die huwelik

’n Huwelik verhoed nie verkragting nie. As ’n man of vrou sy/haar huweliksmaat forseer om seks te hê, dan is dit verkragting.



## Wat om te doen as jy verkrag is

### Hou al die bewyse

- Moenie bad nie.
- Moenie ander klere aantrek nie.
- Moenie die plek skoon maak waar die verkragting plaas gevind het nie.
- Plaas al die bewyse in papier. Moenie dit in ’n plastieksak plaas nie.

Goeie bewyse is belangrik om seker te maak dat die persoon wat jou verkrag het skuldig bevind gaan word en tronk toe gestuur sal word.

### Gaan na die polisie of ’n Vroue- en Kinderbeskermingseenheid

- Meld die verkragting aan by die polisie sodat die persoon wat jou verkrag het, gevang kan word. Jou informasie sal privaat gehou word en so ook die hofverhoor. Die polisie gaan reëlins tref dat jy ’n dokter kan sien. Hulle gaan ook reëlins tref dat jy ’n maatskaplike werker kan sien. Neem ’n ekstra stel klere saam met jou na die polisiestasie om aan te trek sodat die polisie die klere kan hou wat jy aangehad het tydens die verkragting voorval as bewyse.
- Jou informasie sal privaat gehou word en so ook die hofverhoor.



### Gaan na ’n dokter, kliniek of hospitaal

- Jy moet so gou as moontlik ’n dokter of verpleegster gaan sien.
- Die dokter kan vir jou medikasie gee om MIV infeksie, seksuele oordragbare infeksies en swangerskap te verhoed weens die verkragting.

- Jy kan swanger word as gevolg van die verkragting. Daar is pille wat jy onmiddellik kan nee mom te verhoed dat jy swanger word.
- Jy sal verdere inligting nodig hê omtrent die nuwe-efekte van die medisyne wat jy neem. Jy sal ook verdere inligting nodig hê oor toetse en die opvolg van toetse.
- Die dokter kan moontlike bewyse versamel omtrent die verkragting.

## Verkragting en MIV

Dit is baie belangrik dat alle slagoffers van verkragting MIV toetse en berading moet ondergaan. Slagoffers van verkragting kan ook voorkomende medikasie neem om sodoende die kans te verminder om MIV op te doen as gevolg van die verkragting. Die medisyne word PEP (post-exposure prophylaxis) genoem en moet so gou as moontlik gebruik word nadat die verkragting plaasgevind het. Alle streekshospitale moet PEP aanhou. Dit is gratis as jy nie daarvoor kan betaal nie. PEP moet vir 28 dae gebruik word. Jy sal voorsien word met pille vir 3 dae. Daarna moet jy teruggaan kliniek toe om die res van die pille te kry. MIV infeksie gaan nie verhoed word deur PEP net vir 3 dae te gebruik nie.

## Wat as jy swanger sou raak weens verkragting?

- As jy dalk swanger word as gevolg van die verkragting, is jy geregtig om ’n wettige aborsie te verkry. Jy moet ’n swangerskaptoets onmiddellik kry indien jou volgende maandstonde laat is en jy moet jou dokter vertel dat jy ’n aborsie wil hê.
- Jy hoef nie die verkragting aan die polisie te rapporteer om toestemming te verkry vir ’n wettige aborsie nie, maar jy sal wel moet verduidelik hoekom jy die saak nie aangemeld het nie.

## Gaan vir berading

Verkragting is ’n aaklige en vernederende ervaring. Jy mag dalk bang, ongelukkig, skaam of skuldig voel. Berading kan ’n slagoffer van verkragting help om hierdie emosies te hanteer.

## Tydvertraging

Dit maak geen verskil of daar ’n tydvertraging was tussen die verkragting en die aanmelding van ’n klag by die polisie nie. Solank daar steeds genoegsame bewyse vir die verkragting is, sal die tydvertraging nie die hof verhoed om die verkragter skuldig te bevind nie.